**Die Here laat Sy kerk groei deur die werk van die Gees**

**Lees Handelinge 9: 32 – 43** **Teks Handelinge 9: 35 + 42**

Paulus skryf in verskeie van sy briewe dat ons navolgers van Christus moet wees. Wanneer ons in Handelinge lees, kom ons agter dat die Apostels en ander gelowiges almal op een of ander wyse in die voetspore van Christus volg.

Ons sien hoedat in hoofstuk 4 dat die apostels wat voor die Joodse Raad verskyn gevra word om stil te bly oor die genesing van 'n verlamde man buite die Tempel. Ons sien hoe dat Stephanus gestenig word oor sy getuienis rondom Christus.

Ons sien hoedat mense gesond gemaak word, soos in hierdie gedeelte wat ons vandag gelees het.

Maar wat is die doel daarvan? Die boek Handelinge is by uitstek die boek wat handel oor die uitbreiding van die Koninkryk deur die werking van die Heilige Gees.

Dit gebeur egter nie net deur wonderwerke nie. Die prediking speel 'n groot rol, bv in Handelinge 2 met die eerste preek van Petrus na die uitstorting van die Gees. Paulus se prediking in verskeie stede en hoeveel keer het daar mense tot geloof gekom. Daar is gemeentes oral gestig. Saam met dit was daar baie weerstand en verwerping van die prediking.

Hier sien ons twee wonderwerke wat plaasvind, en die Heilige Gees gebruik hierdie wonderwerke om die mense wat dit aanskou en beleef se lewens te verander en vreugde en blydskap in hulle lewens te bring.

Petrus is besig om rond te reis in Judea, en om te preek op plekke waar hy kom. Hy kom in Lidda aan en ontmoet daar 'n man met die naam Eneas. Hy was al agt jaar bedlêend en verlam. Dan word die man in vers 34 gesond gemaak. Maar let op dit is nie Petrus wat dit doen nie. Die woorde is baie duidelik: "Eneas, Jesus Christus maak jou gesond ...". Dit is Christus wat deur Petrus werk. Dit is terselfdertyd die werk van die Heilige Gees wat teenwoordig is. Hierdie wonderwerk herinner aan die verlamde man wat Jesus gesond gemaak het in Lukas 5.

Maar kyk net die reaksie hierop. Toe die mense van Lidda dit sien het hulle hulle tot die Here bekeer. Daar is groot vreugde en blydskap oor die werk van die Gees, nie net deur die wonderwerk nie, maar ook deur die Woord prediking van Petrus. Petrus se werksaamhede volg in die voetspore van Christus.

Daar vind in die tyd nog 'n tweede wonderwerk plaas. Dit is in Joppe, wat naby Lidda was. Daar was 'n vrou met die naam Tabita, wat jong bokkie beteken. Sy was 'n voorloper in die gemeenskap van Joppe. Sy was geliefd.

Sy het siek geword en gesterf.  Die mense van Joppe was verslae.  Hulle het waarskynlik gehoor van die gebeure in Lidda en het Petrus na hulle ontbied.

Petrus het almal buitentoe gestuur en langs Tabita se bed gekniel en gebid.  Hy het gesê: "Tabita staan op!"  En sy het opgestaan.  Dit herinner so duidelik aan die dogterjie van Jairus.  Haar naam was Talita, wat jong dogtertjie beteken.  Ons lees hiervan in Markus 5.

Telkemale lees ons dat as hierdie dinge gebeur dat daar 'n hele aantal mense tot geloof kom as gevolg hiervan.  Is dit omdat die Apostels so goed was?  Nee, dit is deur die werking van die Heilige Gees wat deur die prediking en wonderwerke die verandering in mense lewens bring.  Nie een van die Apostels kan roem op hulle eie dade nie.  Telkemale loop hulle in die voetspore van Jesus Christus en so gebruik die Here mense om sy werk op aarde te doen.

Die krag kom nie uit hulleself nie, maar deur die werking van die Gees word ander aangeraak en vind daar verandering in hulle lewens plaas.

Ons as kinders van die Here word geroep om navolgers van Christus te wees.  Dit beteken nie noodwendig 'n maklike pad nie.  Maar die vreugde wat ander in hulle lewens beleef wanneer hulle die waarheid ontdek.  Die waarheid dat Jesus Christus aan hulle elkeen 'n nuwe lewe gee en hulle 'n vooruitsig in die lewe het van 'n toekoms in die teenwoordigheid van God self.

**Ds. Neville Boy**
**19 Januarie 2020**